WATERLOO SOLAR

# KWARTAAL 3 2022 NUUSBRIEF



## IMPLEMENTERING VAN **LEESPROGRAM**

Sewe leerderassistente wat deur ons implementeringsvennoot, READ-stigting, opgelei is, is hierdie kwartaal in drie laerskole in die Naledi Munisipaliteit-gebied geplaas. Dit vorm deel van 'n leesprogram met die doel om die gaping te verminder wat leerders veral as gevolg van Covid-19 op skool ervaar.

Hierdie program sal tot voordeel van graad 4-leerders in die Moeti, Colinda en Retlaadira Laerskool wees. Die opgeleide leerderassistente implementeer verskillende leeraktiwiteite om die leerders se woordeskat te ontwikkel en hulle geskrewe taal te verbeter. Die leerderassistente is onder die toesig en mentorskap van READ-opleiers en het 'n geleentheid om 'n geakkrediteerde professionele ontwikkelingskursus te voltooi.

"Die beste deel vir my was om die gretige leerders te sien wat daartoe verbind is om hulleself te verbeter. Ek is ook mal daaroor wanneer hulle gesiggies verhelder wanneer ek die klaskamer binnekom." **– Boikhutso Mosala, 'n leerderassistent.**





## BEMAGTIGING VAN PLAASLIKE KMMO'S **EN DIE SKEP VAN WERKSGELEENTHEDE**

As deel van 'n deurlopende verbintenis tot ons entrepreneurs verskaf die Waterloo Solar Hub 'n wye reeks dienste op 'n deurlopende grondslag om KMMO's te help om alledaagse uitdagings te hanteer wat hulle met hulle besighede teenkom.

KMMO's ontvang hulp met goed soos die invul van tenderdokumente en raad oor beskikbare geleenthede. Die Hub bied voorts aan entrepreneurs die nodige infrastruktuur in die vorm van kantoorruimte en verwante geriewe om hulle besighede gladweg te bedryf.

**KMMO's wat aan hierdie projek deelgeneem het, het die volgende werksgeleenthede geskep:** Bang's Kitchen het vier permanente personeellede en twee los werkers in diens; Boikanyo and Associates het twee kontrakwerkers aangestel; Cloete Holdings het vier werknemers aangestel; en Malebo M Facilities Management het een werknemer op kontrak in diens geneem.

## VKO-**PROGRAM**

In vennootskap met die Early Care Foundation and Lunchbox Fund werk ons daaraan om aan kinders toegang tot gehalte-onderrig en dienste ten opsigte van vroeëkinderjare-ontwikkeling (VKO) te gee.

Hierdie vennootskap verseker dat praktisyns die vaardighede het om hulle klaskamers te verbeter en voedingsteun aan kinders te verskaf, wat 'n impak op hulle holistiese ontwikkeling en groei het. In die eerste kwartaal het alle deelnemende sentrums opvolgondersteuning en mentorskapbesoeke ontvang. Die doel was om waar te neem of en hoe praktisyns die studiemateriaal en praktyke in module 1 in hulle klaskamers geïmplementeer het.

Praktisyns het in Augustus deelgeneem aan module 2, met die fokus op administrasievereistes in VKO-sentrums, en ook aan die verskaffing van 13 000 maaltye aan 520 kinders in ons begunstigdesentrums.



## HEARTS AND MINDS **VOEDSELSEKERHEIDPROJEK**




Ons het in vennootskap met U Can Grow Africa (UCGA) saailinge aan 40 gesinne in die Naledi Munisipaliteit verskaf. Ons het ook met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die Departement van Landbou saamgewerk om te verseker dat hierdie geleentheid uitkom by gesinne wat daarby kan baat.

As deel van hierdie inisiatief het ons twee opleidingsprogramme in die gemeenskappe van Dithakwaneng en Huhudi geïmplementeer. UCGA se doelwit is om gesinne uit armoede na vooruitgang te lei, met die fokus op die ontwikkeling van gesinsgeoriënteerde boerderyprogramme.

"Die saadbokse het genoeg saad om 'n gesin van vier in staat te stel om vir 12 maande van die jaar drie groentes op hulle tafel te hê. Die bokse verskaf ook aan produsente die geleentheid om meer as net spinasie en kool te kweek, wat hulle vir kommersialisering en afsetooreenkomste voorberei," **sê Claire Phutieagae, gemeenskapskakelbeampte, Waterloo Solar.**

## KWARTAALLIKSE BESTEDING **(K3 2022)**

- Ekonomiese Ontwikkeling
- Onderwys
- Welsyn




## KONTAK ONS

WaterlooSolarCommunity
45 De Cock Street, Kanana, 794 Mebane Str

**Kantoorure**
09h00-17h00 Maandae tot Vrydae

**Gemeenskap Skakelbeampte**
Claire Phutieagae
066 255 5815
claire.phutieagae@eimsafrica.com

**BLY VEILIG**
#CoronaVirus

www.nicd.ac.za
www.health.gov.za

**Suid-Afrikaanse Hulpbronportaal:**
www.sacoronavirus.co.za